Dear friends and family!

A warm hallo from a beautiful green but really hot Zambia. Can you believe we are already in the month of February and this is the time for mangoes in Zambia. Some of the early varieties of maize are also ripening and what is nicer than corn on the cob with butter on!? Yum!!

Projects and personal

Since we have arrived back in Choma it has been a mad rush to get all the children back to school and back to boarding. We are caring for 42 older children at the moment and we are also supporting around a hundred more children in the lower grades with school fees and food. We were running back and forth getting uniforms, books and basic groceries for the children going back to boarding school. Boarding school in Zambia is slightly different from what we are used to; maize meal is served three times a day! They only get meat or chicken once a week and two eggs are served once a week only. Over weekends they get buns and black tea. This is why we supply them with peanut butter, cordial and biscuits from time to time. Children in boarding are also not allowed to leave the premises during the term and mobile phones are not allowed either which is good but it creates a bit of a communication problem between the children and us. We have also realised with a shock that text books are not supplied at school and the problem is that you do not just walk into a shop and buy whatever you need. Text books are just not so freely available. We did manage to get some books and we can already see an improvement in the results. Kelvin, one of our children, had a 82% mark for one of his subjects. On the picture are Kelvin, Zulu and Austern at Choma Secondary School.

Last week we went to stay over at Kanjanji Camp for the weekend to celebrate Cholwe, one of our older children's birthday. Word spread fast and the next morning there were numerous children and adults coming to say hallo.

Kanjanji Orphan Project
His heart, His hands, His little children

No. 70 – 21 February 2012

Kelvin,Zulu, me and Austern

Coster's kids going to grade 1

Liewe vriende en familie!

'n Lekker warm hello hier uit 'n mooi groen, maar baie warm Zambië! Kan byna nie glo dis alweer Februarie nie! Dis nou mango-tyd en ons eet mango's in alle vorms en voorbereidings! Ja, vir die van julle wat weet – dis ook mielie-tyd en wat is lekkerder as 'n groenmielie met botter op!? Hmmm!

Projekte en persoonlik

Sedert ons teruggekom het, was ons nogsteeds net besig om kinders in skole en koshuise te kry. Ons sorg vir 42 ouer kinders op die oomblik asook om en by 'n honderd kleineres- vir wie ons help met skoolfondse en kos. Dit is nou behalwe die rondvallery om uniforms, boeke, en basiese kruideniers te kry vir die kinders wat kosskool toe moet gaan. Nodeloos om te sê kosskool in Zambie is nie dieselfde as wat ons ken nie... Hier kry die kinders driemaal per dag mieliepap. Verder kry hulle slegs eenmaal per week vleis of hoender en eenmaal per week 2 eiers. Gedurende naweke kry hulle „buns" en tee sonder melk of suiker. Dit is dan die rede waarom ons maar so nou en dan bietjie bydra met grondboontjiebotter, aanmaakkoeldrank en koekies. Die kinders mag glad nie die koshuis verlaat gedurende die termyn nie en hul mag ook glad nie selfone skooltoe bring nie. Dit is dus 'n bietjie van 'n gesukkel om kontak te maak, maar ons het darem baie goeie verhoudings met die hoofde, dus kan die kinders in noodsituasies deur die hoof vir ons 'n boodskap stuur. Ons kom met 'n skok toe agter dat geen handboeke by skole voorsien word nie. Ons het nou begin om vir die hoër grade handboeke aan te koop, en ons kan alreeds 'n verskil in die resultate sien, een kind, Kelvin, het 82% gekry in sy laaste eksamen in graad 10! Links is die Kelvin, Zulu en Austern wat onderskeidelik in graad 11 en 12 is.

Ons het verlede week op uitnodiging van die pastoor 'n aand by Kanjanji Kamp gaan oorslaap om Cholwe se verjaardag te vier. Woord het vinnig versprei en toe ons die volgende oggend wakker word, was die wêreld vol kinders en mense om te kom groet! Links is klein Daniel wat nou graad 1 is.

On the picture you would see little Danny. Remember the little orphan who used to come to our door every morning for a slice of peanut butter bread and syrup. Well, he is in grade 1 now and he is so talkative he even greeted us with a very friendly "morning mummy, morning uncle"; that is the only English he knows!

Last Wednesday we left for Kabwe with five children going for Om's discipleship training. They were all so excited because Livingstone was previously the furthest they have been away from home. Because of lack of space we put them up in little tents on the lawn so there would not be any delays the next morning, for Kabwe is a seven hour journey from Choma. With our arrival in Kabwe everyone was running around to get settled in and the next moment Cholwe got stung by a wasp and his face started swelling up in no time. Fortunately we had some antihistamines and Cholwe could smile again. We want to thank everyone again who has been and still is involved in the lives of these children. You know that rippling effect when you toss a stone into water, it also touches other people's lives and it would be credited to your account. (Phillipians 4:17)

Prayer requests:

- Please pray for a special time for the five children doing discipleship, that they would have a special time with God.
- Lourie's dad had a hip replacement operation and he is recovering well.
- Please pray for good health for all the children, malaria is always dangerous.
- Please pray for the leadership of the OM in the UK and Zambia.

Visit our web site when you have the time and please send an e-mail. It is always nice to know there are people who care!

Love and greetings from Zambia.
Lourie & Gisela Ferreira

childrensvillage@kanjanji.com / **www.kanjanji.com**
✉ PO Box 630677, Choma, ZAMBIA

Kids came to visit while at Kanjanji

Doreen, Cholwe, Mido, Coster and Mordecai on their way to discipleship

Julle sal onthou dat hy 'n baie sieklike weeskind was en ons het hom altyd grondbootjiebotter en stroop toebroodjies gevoer. Hy is so nou so oulik – toe ons uitkom se hy ewe kordaat „morning mummy, morning uncle!" (seker die enigste woorde wat hy in engels ken!)

Woensdag het ons met 5 groot kinders en al hulle bagasie Kabwe, noord van Lusaka, toe vertrek vir OM se dissipelskapkursus. Hulle was so opgewonde, want Livingstone was tot dusver nog die verste wat hulle gereis het. Almal het al die vorige aand in tentjies by ons kom slaap sodat dit nie 'n malle gejaag sou wees met die vertrek vroegoggend nie. Kabwe is so 7 ure se reis van ons af. Met die aankoms in Kabwe, het hulle almal verdwyn om nes te skop, en eers nadat ek 'n noodoproep gekry het dat Cholwe op sy lip deur 'n by gesteek is, weer van hulle gehoor. Die knaap het sleg gelyk, maar na paar antihistamiene, kon hy weer glimlag. Baie dankie vir julle almal wat deel het in hierdie kinders se lewens en veral die geleentheid wat hulle het om dissipelskap te doen. Julle weet dat die rimpels wat uitkring wanneer jy 'n klippie in die water gooi, ook ander mense se lewens aanraak en dit sal terugkom na jou. (Fillipense 4:17)

Gebedsversoeke:

- Bid asb. dat hierdie 'n baie spesiale tyd sal wees vir die 5 kinders wat dissipelskap doen.
- Sê saam dankie vir Lourie se pa se suksesvolle heupvervanging. (bid asb vir totale genesing)
- Bid ook asb vir gesondheid, veral teen malaria –ook vir die kinders wat onder ons sorg is.
- Bid ook asb vir ons OM leierskap, in die VK en Zambië.

Besoek gerus ons webwerf, en as julle 'n kansie kry, stuur tog 'n epossie. Dis altyd lekker om van julle te hoor!

Groete en liefde uit Zambië
Lourie & Gisela Ferreira

childrensvillage@kanjanji.com / **www.kanjanji.com**
✉ Posbus 630677, Choma, ZAMBIë

Kanjanji
Orphan Project